
Rose

# OPSAAL!

Mnr en Mev L de Ha
Freesialaan
WILDERNIS
6560



No. 2

1994

GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

VAN DIE REDAKTEUR

Met die dat ek my bietjie kos op 'n hopie bymekaar sit vir die Visrivier Canyon, vra my huishulp, Lena: "Miss, waarom stap julle?" "Ons stap vir die lekkerte, Lena." Na ek haar toe begin vertel wat mens op so 'n staptog kan verwag en veral nie kan verwag nie, vra Lena: "Nou word julle dan betaal om te gaan stap?" "Nee Lena, ons stap net vir die lekkerte, nie vir betaal nie." Toe ek Lena later die middag terugneem dorp toe, vra sy, net voor ek haar moet aflaai: "Nou miss, stap julle nou om maer te word?" "Nee, Lena, ons stap vir die lekkerte."

Mens kry baie Lenas vir wie dit onverstaanbaar is waarom mense met so min geriewe op 'n staptog tevrede kan wees en nie weet waarom ons dit aan onsself doen nie. 'n Kollega wou weet, nadat sy my foto's van die Visrivier Canyon deurgekyk het; of daar darem storte is. Nee, daar was toe nie storte nie, maar die Visrivier Canyon was 'n belewenis. Vir al diesulkes kan mens maar net sê: Daar is nie storte of allerhande geriewe nie; ons




word nie betaal nie en allermins word ons maer van die stappery. Nee, ons stap vir die lekker!

Saam met die soet van stap en vriendskap ook die suur: Faan en Christine Lombaard het besluit om Bloemfontein toe te verhuis. So jammer om hulle uit die stapklub te verloor, alhoewel hulle blykbaar baie gereeld gaan kom kuier.

Geniet die res van die jaar se stap - dis alles net lekkerte.

ALéTTE SMITH



# DIE GEORGE (SWARTRIVIER) DAM

Die dam het nog altyd my verbeelding geprikkel. Stap jy met die pypleiding langs kom jy by 'n holkrans (Heuningkrans) waar die volgende name geverf is: HILLS blaster ELLIS EN MUNRO 1938.

Met die vriendelike toestemming van die Museum het ek toe die koerante van 1938 en 1939 nageslaan en gevind dat die bou van die pypleiding en die dam as volg verloop het.

Maart 1938: Tender vir 'n nuwe waterskema in die Swartrivier word goedgekeur.

Junie 1938: Lugopname van die Malgas- en Swartriviere se opvang-gebiede word gemaak, en gevind dat die Swartrivier vier maal groter vermoë het.

Julie 1938: Tenders vir die bou van 'n 75 voet hoë geboë damwal in die Swartrivier wat ongeveer £30 000,00 sal kos, word oorweeg.

27 Julie 1938: Tender van Mnr. C.B. Uys vir £18 269,00 vir 'n dam, inhoud 60 000 000 gelling water en watersuiweringswerke, word aanvaar. Die werk moet dadelik in aanvang neem.



14 September 1938: Ontploffings in die rigting van die pypleiding word reeds gehoor.

28 September 1938: 'n Klerk van werke, mnr. Cole, word aangestel. Materiaal word per spoor na die perdehoefdraai van die treinspoor vervoer. 'n Koekepanspoor word gebou om die materiaal verder te vervoer, en 'n ligte krageenheid, maksimum spoed 12 myl per uur, vervoer die vrag verder.

30 November 1938: Die pypleiding is voltooi. 'n Wal, 75 voet hoog en 300 voet lank, sal gebou word.

1 Februarie 1939: Die fondament van die dam sal eersdaags gelê word.

15 Maart 1939: 'n Brug van die koekepanspoor breek, die krageenheid val om en die drywer breek sy sleutelbeen.

26 April 1939: Verhoging van die damwal om 120 i.p.v. 60 miljoen gelling water te hou word oorweeg en afgekeur.

3 Mei 1939: Op versoek van die Administrateur word verhoging van die damwal weer oorweeg. Om die fondament te versterk sal £700,00 kos en dit word as te duur beskou.

24 Mei 1939: Op aandrang van die Provinsiale Ingenieur word die fondament versterk en die wal verhoog om 120 Miljoen gelling water te hou.

13 September 1939: Provinsiale inspeksie van die damwal word gedoen.

25 Oktober 1939: Die wal is reeds 88 voet hoog.

29 November 1939: Die dam is voltooi. Die wal is 91 voet hoog, inhoud 60 miljoen gelling. Voorsiening word gemaak om die wal 14 voet te verhoog ten einde die inhoudsmaat te verhoog na 120 miljoen gelling water. Die pypleiding word steeds getoets.

Opgestel deur Tom Boshoff vir Opsaal

Bron: GEORGE EN KNYSNA HERALD





# DIE KAAPSTAD – STAP EN ANDER PITTIGE VERHALE

## STAP OM - EN - IN KAAPSTAD

Sondag , 9 April 1994, kom die volgende groep Stappers by Back Pack, Nuwe Kerkstraat, Kaapstad byeen: Fam. Riddick 5 lede, Talita met twee dogters en hulle vriend, Lina, Louis, Coleen, Sonja, Bert, Paula, Sarie, Christine Lombaard, Rufane, twee Moutons, Salomé, Joey en twee kleindogters. Hierdie is 'n jeugherberg, hoofsaaklik vir toeriste. Behalwe vir Lina en Louis, wat hulle eie reëlings getref het, is ons ander in twee groot vertrekke gehuisves. Die sitkamer, kombuis en ander geriewe word met 38 ander toeriste gedeel, wat die gebruik daarvan beperk. Hier heers ook 'n Babelse verwarring van tale, daar ons mede inwoners feitlik van alle uithoeke van die wêreld afkomstig is. Die tweede dag het ons al redelik aangepas in die "vreemde" omstandighede en ons ingeburger.

Salomé het vir ons drie stappe teen Tafelberg uit beplan, asook om Leeukop en Duiwelspiek te bestyg.

Alle stappe was loutere plesier, maar die oggend toe ons Leeukop bestyg, het Ra sy uiterste bes gelewer om die son te laat stilstaan teen die hange van Leeukop: die gevolg dat almal nie

die piek bereik het nie. Toe ons terugkeer na die Herberg het die swembad baie aandag geniet.

Die laaste dag gaan ons Duiwelspiek klim. Die vorige aand het ons besluit dat ons vroeg gaan klim om Ra se tirade te ontduik. Om 06:00 is almal gereed en dit is nog sterk donker toe ons met die kontoerpad om die voet van Tafelberg ry, tot waar dit doodloop. Van hier af het ons 'n panoramiese uitsig oor die stadsligte en dié van die noordelike- en suidelike voorstede.

Die motors se ligte op die R27 en N1 roetes vorm twee ligare na die hart van die stad.

Rufane is vanoggend die groepleier. Ons het dit beplan om hom "in te hou". Hy kloek mooi en hou die kuikens die eerste halfuur bymekaar. Ons wil die voetpad regs van die piek verby volg, maar loop dit mis toe ons per ongeluk 'n uitgetrapte kortpad volg, wat na klein Duiwelspiek lei. Na ontbyt het ons leier die pas verhoog en ons is vroegoggend bo-op klein Duiwelspiek. Van hier af het ons 'n panoramiese uitsig sover as Hangklip in die suid-ooste en Robbeneiland aan die noord-weste. Ons kan nou nie meer hoër klim, tensy ons direk teen hoofpiek uitklouter, wat gevaarlik blyk te wees. Ons daal nou na die "Kings Blockhouse" aan die voet van die berg. Ons leier het nou sy "kuikens" vir die "valke" gelaat en vinnig die berg afgedaal en toe ons weer sien, sit hy in die koelte van die blokhuis. Die son begin nou vinnig warm word, maar ons ontduik die hitte en is vroegdag tuis. Die namiddag word die laaste inkopies gedoen.



Hierdie uitstappie was 'n reuse sukses en die klub sê dankie aan Carlien, wat die akkommodasie gereël het en aan Salomè, wat dit beplan het.

So 'n staptoer het altyd sy helde/heldinne en hier wil ek graag die agtjarige klein Lisa Riddick en die sewentigjarige Joey Kruger uitsonder vir hulle durf en uithouvermoë. Ek het nooit klein Lisa ooit hoor kla nie en van hulp wou sy nie weet nie. Sy en Joey het vir ons 'n voorbeeld gestel.

HENNIE MOUTON

## DIE BUITESTAANDER

deur Louis Aucamp

Ek het saamgery toe die klomp sê dat hulle die Bastion gaan bestorm. Dis nie dat Tafelberg die hoogste berg in die wêreld is nie, maar op sy eie manier is hy intimiderend. Die Natallers spog met hulle granietkranse en die Outenikwas is die mooiste. Tog bly die sandsteenkranse 'n wering wat jou stuit.

So kom dit toe dat ek hulle elke oggend sien gaan het en elke aand sien kom het en dit was lekker om terug te dink aan die jare veertig toe ek ook so gegaan en gekom het.

Die weer het ook sy bydrae gelewer deur elke dag so dertig grade Celsius of meer op te dis. Dis nou net om vir George se mense te sê dat daar werk te doen is en niemand ontsien word nie.

My respekte vir Berg-en-dal se mense het gestyg. Niemand en niks het hulle afgeskrik nie. As Hennie daar voor sê kom, dan kom almal. Die loodregaf kranse is iets nuut vir die meeste. Daar is min geleidelike hellings en die klowe is nou. Die trapwerk is so erg soos dié in enige toringgebou. Daai Platteklip het baie platteklippe. 'n Slim sielkundige het vir hulle vertel dat Lady Anne Barnard glo in die vorige eeu 'n makietie van 'n piekniek bo-op Tafelberg gehou het. Dis waar en niemand hét gedurf om haar mindere te wees nie. Die sielkundige het net vergeet om hulle te vertel dat die slawe haar op 'n draagbaar uitgedra het.

Hieronder in die stad het ons in die besoedelde, warm lug gesit. As dit te kwaai geword het, het ek soms lafenis gesoek by Oudekraal en dan opgekyk na die Gewelberge en hulle kranse wat ewe indrukwekkend is. Dan weet ek dat die Berg-en-dallers ten spyte van die hitte en die loodregaf kranse hul terdeë geniet, want daar is net een Tafelberg.



## CHRISTINE VERTEL ...

Fantasties volgens die woordeboek is: wonderlik, buitengewoon, ongelooflik. Na vyf dae in Kaapstad saam met (23?) ander stappers kry die woord nuwe betekenins.

Fantasties is:

1. Twee matrasse op 'n plankiesbed.

2. 'n Yskoue drankie in die swembad na 'n stywe stap.

3. Die "Tranquility Cracks" as 'n bonus.

4. Oom Hendrik se kierie teen 'n steil opdraand.

5. Rufane se rug teen 'n Steil afgrond.

6. "Tipsy" tert bo-op Tafelberg.

7. Boerebrug saans saam met Bert en die jonges.

8. Tannie Joey se sagte hande wat jou voete was na vyf dae se stap.

9. Stilte net voor dagbreek.

10. Vyf dae in Kaapstad sonder wind, reën of mis.

Dit was fantasties, voorwaar!

CHRISTINE LOMBAARD

### SARIE LESSING VERTEL ...

Stappers, PAS OP!! Wees gewaarsku - dit is nie net arme Prinses Di wie se privaatheid (selfs tot in haar slaapkamer) deur skelm fotograwe aangetas word nie, maar ook ons stappers s'n.

Ons het net heerlik gelê en slaap na 'n baie strawwe stap en klim toe die privaatheid van ons slaapkamer geskend word deur nuuskierige fotograwe. Arme Sarie het eintlik deurgeloop toe haar hele private ou snorkie blatant gefotografeer en opgeneem is. Net sowel dat sy haar bloesie wat sy uitgetrek het, omdat dit so warm was, oor haar gegooi het, anders het ons net soveel gesien soos by prinses Di toe sy geswem het!!

SARIE LESSING





# DIE DRIE VARKIES

### (VISRIVIER WEERGAWE)

Daar was eendag drie families. Hulle was die Flintstones, 'n egte steentydperk familie wat bestaan het uit Ma-Flintstone en haar drie kinders, 'n ingenieur, 'n prokureur en 'n juffrou. Dan was daar die Jetstones, 'n egte ruimte-eeuse familie wat bestaan het uit twee luiperds wat spin as hulle slaap. En dan was daar die "Indians" van Noord Amerika wat bestaan het uit 'n "Spring chicken" en 'n bou-inspekteur.

Op 'n dag het die drie families besluit om in die Visrivier te gaan stap. Hulle het al hulle goed in sakke gelaai en begin stap. Hulle het gestap en gestap en gestap vir vier dae en toe op die vierde nag ... Nadat almal hulle lêplekkies reggekry het, het die wolke begin saampak. Nogtans het hulle heerlik geslaap totdat die brandwag om elfuur skielik hard uitroep: Dit reën! Almal spring vinnig op en begin hulle huisies bou. Binne 'n ommesientjie staan die Indians se tentjie in Noord-Amerika. Die Jetstones het ewe vinnig 'n ruimte huis met ruimte materiaal gebou, nadat hulle planne geteken en "levels" uitgewerk het. Die Flintstones se grootste probleem was hulle baie kinders. Hulle het minstens vier slaapkamers en 'n kombuis nodig gehad. Maar spoedig was hulle steentydperk plakkershuisie ook klaar. Almal

het weer rustig gaan lê en na 'n kort besoek van die bou-inspekteur en sy "Spring chicken" was almal weer vas aan die slaap in hulle huisies. Teen vieruur begin dit egter weer sag en aanhoudend reën en 'n uur later begin die plakkershuisie lek. Die Flintstones word almal papnat en moet regop sit met matrasse oor hulle getrek om die water weg te hou. Die luiperds is nog droog maar spin nie, dus is hulle ook wakker. Die Indians se tent is te kort, so hulle koppe en voete steek uit en word nat. Maar eindelik word dit lig en kan almal so tussen die modder deur hulle nat goed pak en die laaste dag se stap klaarmaak.

CHRISTINE LOMBAARD


CADAC

**Camping Gaz Super C206-patroon**

Vir voetslaners, rugsakstappers en klimmers wat optimale werkverrigting van hul gastoestelle by hoë hoogtes en in ysige weerstoestande vereis, het Cadac die nuwe **Camping Gaz Super C206-patroon** bekend gestel.

Die nuwe patroon is net so groot as die gewone C206-butaanpatroon en pas dieselfe Camping Gaz-toestelle. Wat die **Super C206** egter beter by hoë hoogtes en lae temperature laat werk is 'n brandstofmengsel van butaan en propaan (80% butaan en 20% propaan).

**Die Super C206-patroon** kan uitgeken word aan 'n wit golwende randontwerp en is teen sowat R 6.75 te kry by voetslaan- en buitelewe-spesialiswinkels.




# KINTA

## OU KINTA EN DIE GROENTJIES LY IN DIE VISRIVIER

Dit is ook nie regverdig van ou Kinta om hulle Groentjies te noem nie. Daar is Onnie met al haar ervaring al skerm sy so oor die "mauve" blommetjies. Dan is daar die Priester - mens kry nie onervare Priesters nie. Natuurlik is Hans die Visser ervare. Hy sê dan so! Die Mamma en haar seun is ook nie onskuldig nie, al kom hulle van Bethlehem. Ook die man en sy vou weet van. Het hulle dan nie al voorheen die Drakensberg se voethewels betree nie. Die vrou is dan ook deel van die Meadestraat trio. Dit sê baie!

Daarom ook dat hulle almal SONDER VREES die Visrivier Canyon aangepak het. Ou Kinta was hulle leier.

Ou Kinta is 'n ou-jongnooi - toe sy og in die blommewinkel gewerk het, het hulle 'n mooi pers blommekrans gemaak vir die skarlakenvrou van die dorp wat dood is. Ou Kinta het haar wens uitgespreek om ook so 'n krans te hê by haar begrafnis. Toe maar, het die Groentjies getroos, vir jou begrafnis sal ons sorg vir 'n baie mooi en groot spierwit krans. Ag, nee sê Ou Kinta daarom so titseltjie mauve! So het Ou Kinta en die Groentjies die mauve blommetjies vir 85 kilometer ver in die Visrivier Canyon gesoek.

Maar moenie vir hulle glo nie - voorheen het die Groot Leeu van Berg-En-Dal gesê dat hulle 44 kilometer op een dag gedoen het. Ou Kinta en die groentjies het nie op hulle laat wag nie. Hulle het self 33 kilometer op een dag gestap. Wat 'n liegspul! Die rivier loop wel oor 'n afstand van 33 kilometer, maar mens stap mos nie met al die draaie van die rivier nie en sny kortpad sodat dit maar maksimum 15 kilometer werklike afstand is wat afgelê word. Ou Kinta het hulle mos mooi gelei, nie laat ly nie!

## OU REKORDS VAL

Die Swellendamroete is so naby aan ons, maar min van ons het die roete al gestap. In die verlede het hulle die roete blykbaar in droogtetyd gestap. Mooiweer die hele tyd. 'n week of selfs meer voor ons begin, het die mooiste lenteweer ons getref en reën bly weg. Dit voorspel natweer vir ons stap, maar ons vyf laat ons nie afsit nie. Oom Hendrik, Annie, Austin, Lenie en Salomé.

Nou die rekords. Lenie hou die rekord dat sy al een dag kon deurgaan sonder om te val. Austin hou die rekord dat hy al die hele Sederberge by die voertuie gewag het weens seer voete. Oom Hendrik se Swartbergrekords is wel bekend. Die vraag is: kan hy koue ook weerstaan?



Tant Annie en Salomé se rekords is hul nederigheid. Hulle is so nederig niemand ken eer hulle rekords nie. Behalwe as hulle begin gil! Die eerste dag tot by Boskloof was 15,8 kilometer en harde klim. Ons het meer as 800 meter oor die afstand geklim. Alhoewel, die weer mooi begin het, het ons baie mooi uitsig gemis - letterlik en figuurlik.

Die volgende dag was ons uitgerus; die weer was mooi, asook die veld en die berge. Die afstand veel korter en die klim bietjie minder. Ons was net na middag daar. Dit was sommer warm en ons was maklik onder die koue storte in - Tant Annie en Salomé het 'n nuwe gil-rekord opgestel. Alreeds twee dae verby en Lenie het nog nie geval nie, maar Austin het nuwe skoene en hy kry al swaar sedert die begin.

Ou rekords gaan val. Die hut by Goedgeloof is vas aan 'n lapa - die lugdigtheid van die slaapkamer is onder verdenking, maar dit is so mooi en ons los die deur en venster oop. Later skuif Lenie die venster toe en sy merk op dat die venster geheimsinnig kraak. Voor ons gaan slaap, kyk ons uit op die Montaqu-Barrydale pad. 'n Paar verdwaalde motor ligte is ook geheimsinnig. By gebrek aan radio en televisie en speurverhale is "headlights watching" die hoofsport in die goedgeloofhut. Oom Hendrik dink hy is "tuff" en dra 'n ligte somerslaapsakkie. Hy kry koud en nog 'n rekord val. Austin bly die volgende dag agter - sy voete is seer en nog 'n rekord val. 'n Paar kilometer verder val Lenie en nog 'n rekord val.

Ons haal Proteavallei voor 12:30; ook net betyds, want 'n reënstorm bars los. Die koue is kwaai. Ons speel kaart, praat nonsens en lê. Die volgende dag stap ons flink na Proteavallei. Ons moes Nooitgedagt toe, maar besluit om een dag vroeër uit te stap. Nog 'n rekord spat - dit is nou hoe nat die pad was!

## HOEKOM ONS ALTYD 'N SWART PLASTIEKSAK MOET SAAMNEEM

Ons klub is vanjaar al nege jaar oud. As mens so saam met die ou stappers van Berg-En-Dal stap, hoor jy baie stories. Ons glo mos hulle is 'n klomp wetsgehoorsame mense, maar moenie glo nie!

'n Paar jaar gelede het hulle ook die Otter gestap. Soos die meeste ander roetes val die Otter in 'n natuurreservaat/'n marine-natuurreservaat: net voetspore los en foto's neem! Nie tydens dié stap nie. By die laaste hut na Bloukransrivier haal van die manne alikreukels uit die see en koop 'n vis by 'n visterman, natuurlik onwettig gevang. Lekker word die vis op die vuur gebraai en alikreukels in die kole, maar wat hulle nie geweet het nie, is die twee vrouens nooit by die eindpunt opgedaag het nie, en toe kom soek 'n veldwagter hulle.

Oorlede Babes hardloop haastig van die een hut (die twee hutte sit so 'n end uit mekaar) na die ander hut waar hulle heerlik die



vis braai en waarsku dat die man kom. Hulle draai gou vinnig die rooster met vis en al in 'n swartsak toe en versteek dit onder die bed. (Dit is natuurlik hoekom hulle altyd so aanhou dat ons nie moet vergeet om swartsakke in ons rugsakke te sit nie). Pierre van Zyl en Oom Hendrik gryp die warm alikreukels met hulle kaal hande en gooi dit in die bossies.

Oom Hendrik stap die veldwagter so joviaal soos gewoonlik tegemoet: "Nee, Meneer, hier is nie fout nie!" Sonja wat van geen sout of water weet nie, staan ook nader: "Meneer, die beddens in die hul se planke is los kom kyk tog gou". Daar gaan die man die hut binne en ondersoek die beddens waaronder die "evidence" lê en smeul. Hy moes dit geruik het, maar sê niks en gaan weer vort. Blykbaar het daardie vis maar bra leeragtig gesmaak - seker die swart plastieksak.



# THE FISH RIVER CANYON

We descended into the Canyon and rested at the river before proceeding. Looking back at the way we came, I was amazed at the awesomeness of the mountains we had descended. I became aware of how this trail was likened to our christian walk. The awesome mountains on either side represented the grace of God. Even though there were escape routes one look at the effort required to use them convinced you that the path ahead had to be easier. As the trail progressed the river bed widened and the mountains got smaller - there were no escape routes because the hiker was focused on completing the hike. So too when we focus on the end of the race: we no longer need great grace surrounding us because we don't consider leaving the race.

A medical certificate was necessary before we could undertake the hike. So too we must give our lives to Jesus Christ before we can commence the christian walk.

Standing at the riverbank at the beginning of the hike I realised that water had taken on a new priority in my life. For the next five days where I went stopped and slept was dependent upon its presence. Jesus offers us living water and as a child of God this should become a priority in my life which will have a dramatic effect upon the way I live.



I looked at the map and noticed that there was no clearly marked route as we had become used to. The path you chose will depend upon how difficult it will be. At one place on the first day we stayed on the one bank instead of crossing over the river when we could. This caused us to have a difficult passage. People who took the other bank had it mush easier. God gave us a map - the Bible. We need to consult it regularly to keep us on course. We also walk in the footsteps of the faithful and depending upon our decisions certain portions of the christian walk can be difficult or easy.

When we commenced our packs were heavy and as we progressed they got lighter. Despite all our planning many of our foodstuffs were dependent upon having water. Commencing the christian walk we all have burdens. As we progress and yield ourselves our burdens get lighter. We may think that we can so it in ourselves but the truth is that we are dependent upon Him in order to continue.

We came as individuals with a goal - to complete the hike - we left as friends - having shared a portion of our lives with one another. The christian walk unites us with brothers and sisters who in their own unique way, are able to share Christ with us - affecting us permanently.

We joined hands to cross the line at Ais-Ais, having faithfully completed the hike.

My prayer for you today is that one day in your christian walk you will hear your Saviour say - WELL DONE GOOD AND FAITHFUL SERVANT.


- N. RIDDICK






DAY BAG ORDER FORM ✂ GRIT Ridge

DAY BAG




Name ..........
Address ..........
.......... Area code ..........
City .......... Province ..........
☐ CHEQUE ☐ VISA ☐ MASTERCARD ☐ MONEY ORDER
Card no.
Expiry date ..........

| Qty. | Description | Total |
|---|---|---|
| | Grit Ridge day bags at R 59-98 @ | |
| | Postage & Packaging .... R10-00 — P & P | |
| | Insurance .... R1-50 — Insur. | |
| | Total incl.VAT | |

PLEASE ALLOW 6 - 8 WEEKS FOR DELIVERY

GRIT Ridge
**Please send postage & remittance to:**
GRIT RIDGE, Free post no: CB 0708, Salt River
Physical address: 14B Avenue Montagne, High Cape, Devils Peak, Cape Town South Africa, 8001

Signature ..........